SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS' AND GAME CONSERVATION ASSOCIATION

®

HOWA GROEPERINGSKIETKOMPETISIE
REëLS

A) SKIETREëLS

FORMAAT
Skuts sal vanaf skietbanke oor `n afstand van 100m of 200m na gelang van die klas, na `n doelontwerpte teiken met twee mikpunte daarop, skiet. Die deelnemer verskaf sewe rondtes van sy eie ammunisie (kommersieel gekoop of herlaaide ammunisie). Twee afsonderlike groeperings van drie skote elk sal geskiet word. Die sewende rondte mag as `n uitbrandskoot (*fouling shot*) vooraf in die skietwal afgevuur word. `n Maksimum tyd van 10 minute word vir die vuur van die sewe rondtes toegelaat, vandat almal gereed verklaar het. Die gemiddeld van die twee groeperings word gebruik om die finale groepringgrootte van elke deelnemer te bepaal.

Al drie klasse kompeteer teen mekaar en die kleinste groepering wen die dag. Die nasionale wenner word aan die einde van die jaar (na afloop van die reeks streekkompetisies) aangewys op grond van die kleinste groepering deur die jaar – alle klasse ingesluit. Daar sal nie 'n FINALE (nasionale) kompetisie gehou word nie.

METING VAN GROEPERINGS
Groepering groottes word gemeet vanaf die middelpunte van die twee koeëlgate verste van mekaar, in mm, tot twee desimale. Die aangewese metode is om die afstand tussen die buiterande van die twee gate te meet en dan die betrokke kaliber daarvan af te trek. Indien die rande van die gate nie skerp is nie word `n koeëlpunt van daardie kaliber in die gat gedruk en so gemeet.. Toerusting benodig is `n vergrootglas, meetpasser (*calliper*) (verkieslik digitaal), liniaal, skerp podlood en `n kalibermaat (*caliber gauge*). Slegs groeperings met sigbare aanduidings van `n totaal van drie skote, enige plek op enige deel van die teiken (behalwe wat die rand daarvan sny), sal kwalifiseer. Die beslissing van die aangewese metingskomitee van die dag, is finaal.

TOERUSTING

Die kompetisie vind plaas in drie klasse en word op grond van die toerusting soos volg in die drie klasse geklassifiseer:

1) **Standaard jaggeweer klas:**
   1.1) enige senterslag kaliber kleiner as 9.3 mm;
   1.2) teleskoopvergroting beperk tot maksimum 12X;
   1.3) geweer met magasyn (geen enkelskoot aksies – Ruger no 1 wel toelaatbaar;
   1.4) loopdikte by die kroon minder as 17mm;
   1.5) skietafstand: **100m**;
   1.6) alle kalibers kleiner as 9.3mm ding in die klas mee op gelyke voet;
   1.7) Kaliber onderskeiding – **slegs vir meting doeleindes en publikasie.**

.224		.224/5.69mm	bv.: 22 Hornet, 222 Rem, 223 Rem, 22-250 Rem, 220 Swift
.243	6mm	.243/6.17mm	bv.: 6 x 45mm, 243 Win, 6mm Rem, 240 Weatherby Mag
.257		.257/6.53mm	bv.: 250/3000 Savage, 257 Roberts, 25/06 Rem, 257 Weatherby Mag
.264	6.5mm	.264/6.71mm	bv.: 6.5 x 54mm Mannlicher-Schoenauer, 6.5 x 55mm Swedish Mauser, 6.5 Rem Mag; 6.5-06, 264 Win Mag

.277	270	.277/7.04mm	bv.: 270 Win, 270 Sabi, 270 Weatherby Mag
.284	7mm	.284/7.21mm	bv.: 7mm-08 Rem, 7 x 57mm Mauser, 284 Win, 280 Rem, 7 x 64mm Mauser, 7mm Rem Mag, 7mm Weatherby Mag, 7mm STW
.308		.308/7.82mm	bv: 7.62 x 39mm, 30-30 Win, 300 Savage, 308 Win, 30-06 Spr, 300 H&H Mag, 308 Norma Mag, 300 Win Mag, 300 Weatherby Mag
.303		.311/7.9mm	b.: 303 British
.323	8mm	.323/8.20mm	bv.: 8 x 57mm, 8mm/06, 8 x 68mm Mauser, 8mm Rem Mag
.338		.338/8.59mm	bv.: 338/06, 338 Win Mag, 340 Weatherby Mag
.35		.358/9.09mm	Bv.: 358 Win, 35 Whelen, 350 Rem Mag

2) Grootkaliber klas:

2.1) Enige senterslagkaliber, 9.3mm en groter;
2.2) Teleskoopvergroting beperk tot maksimum 9X:
2.3) Geen verdere kaliberindeling in die klas nie – alle kalibers 9.3mm en groter kompeteer teen mekaar;
2.4) Skietafstand: **100m**

3) "Varmint"/Langafstand klas:

3.1) Enige senterslag kaliber kleiner as 9.3mm – enige aksie en loop;
3.2) In die gees van 'n "jaggeweer" groeperingskietkompetisie en regverdigheid word geen "Benchrest" spesialis tipe gewere toegelaat nie – die beslissing van die hoof-organiseerder sal finaal wees;
3.3) "Bisley" en "F-klas" gewere word wel toegelaat, 338 Lapua "sniper" gewere is uitgesluit;
3.4) Teleskoopvergroting onbeperk;
3.5) geen verdere kaliberindeling in die klas nie – alle kalibers kleiner as 9.3mm kompeteer teen mekaar;
3.6) Skietafstand: **200m**

Trompremme ("muzzle breaks") op gewere word nie toegelaat nie – Dit is te veel van 'n stoornis vir die naburige skuts veral wanneer die kompetisie onder afdakke plaasvind;

Dooierus toerusting, onafhanklik voor en agter onder die geweer, bestaan uit los sandsakke (maksimum van 3 sandsakke), grootte ongeveer 300mm lank x 130mm breed x 90mm dik, gevul met sand of ander geskikte materiaal. Geen spesiale vorm nie en die sandsakke mag nie aan mekaar vasgewerk word om 'n "spesiale vorm" te verseker nie. Deelnemers kan hul eie sandsakke verskaf, mits dit aan bogenoemde vereistes voldoen. Geen ander tipe rus is toelaatbaar nie (bv. "Benchrest" tipe russe). Organiseerders se besluit of dit aanpas by die standaard, is finaal.

KONTROLE OOR AMMUNISIE

Organiseerders moet kontroleer dat elke deelnemer 'n minimum van 6 rondtes (twee groeperings van drie skote elk) gebruik.

KONTROLE OOR TEIKENS

Die naam van die skut, plek, kaliber en datum moet voor uitreiking van die teikens daarop aangebring word vir identifikasie doeleindes. Daar moet op elke teiken `n unieke merk vir die dag aangebring word, soos byvoorbeeld `n stempel, of die bogemelde inligting moet in die handskrif van `n beampte op die teiken geskryf word. `n Skut mag aanvanklik slegs een keer per `n gegewe kaliber inskryf. Nadat alle deelnemers die geleentheid gehad het om een keer met 'n kaliber te skiet, en indien die tyd dit toelaat, mag `n tweede keer (maksimum) met dieselfde kaliber geskiet word. Die inskrywingsgeld vir die tweede poging met dieselfde kaliber, kan verhoog word soos deur die organiseerders van die dag bepaal. Die aantal kalibers waarin elke skut kan deelneem is onbeperk aangesien al die kalibers teen mekaar kompeteer.

Belangrik: Na elke kompetisie moet die teikens van die top 10 groeperings van die dag, asook die 5 bestes in elke klas tesame met die resultate van die dag ingestuur word na Inyathi Park vir verifiering van die groeperinggroottes - indien die teikens nie binne 7 werksdae na die voltooiing van die kompetisie ontvang word nie, sal die resultate nie kwalifiseer vir opname in die ranglys soos maandeliks gepubliseer nie en ook nie vir die nasionale kompetisie nie.

Die teikens en die ranglyste moet aangestuur word vir aandag:
Tommy Liversage,
Finansiele en Administratiewe bestuurder
Inyathi Park
tommy@sahunt.co.za

VEILIGHEID
Die standaard en gebruiklike skietbaan-veiligheidsmaatreëls sal geld, asook die volgende: Gewere op die skietpunt word hanteer slegs op bevel van die baanoffisier. Gewere word weggepak nadat dit as veilig ondersoek en verklaar is. Let daarop dat geen slot weer daarna toegemaak word om weggepak te word nie, of vir enige ander rede, behalwe op die bevel van `n baanoffisier. Die geweer word dus met `n oop/verwyderde slot gebêre in die geweertas/sak, tot nadat die voertuig waarin dit vervoer word die perseel van die skietbaan verlaat het. Veiligheidsvlaggies moet te alle tye gebruik word.

Aangesien `n groot verskeidenheid van kalibers op die skietpunt hanteer word, moet skuts en organiseerders uiters bedag daarop wees dat daar onder geen omstandighede die verkeerde kaliber se ammunisie in `n geweer gevuur word nie. Sekere kombinasies is lewensgevaarlik vir die skut en omstanders.

Belangrik: Dit is elke deelnemer se verantwoordelikheid om te verseker dat herlaaide ammunisie veilig is om te gebruik. Waar die baanoffisier rede het om enige onveiligheid te vermoed, sal hy die betrokke deelnemer verbied om verder te skiet. (bv. ammunisie wat weier om te voer, aksies wat nie kan oopmaak na ‘n skoot gevuur is nie ens.)

TEIKENS
Die teiken sal ietwat (± 5 cm) groter as 'n A3 wees en op 120g papier gedruk word (min of meer dieselfde dikte as die ou PMP teikens).
Die grid op die teiken is 1" grootte blokke.
Slegs 2 kleure sal gebruik word, naamlik swart en rooi. Die logo's sal in skakerings van swart gedruk word.

B) ALGEMENE REëLS

KATEGORIEë
Skuts kan in vier kategorie deelneem:
1. Mans afdeling (bo 18 jaar)
2. Dames afdeling (bo 18 jaar)
3. Junior mans (Onder 18 jaar)
4. Junior dames (Onder 18 jaar)

‘n Algehele wenner sal vir elke kompetisie aangewys word met die top 10 groeperings algeheel van 1 tot 10.

NASIONALE KAMPIOENSKAP
‘n Nasionale wenner sal in elk van die drie klasse aangewys word.
‘n Nasionale wenner sal vir elke kategorieë (mans, dames, junior mans o/18, junior dames o/18) aangewys word.
‘n Algehele nasionale wenner sal aangewys word.

OUDERDOM
Ouderdom geld soos op die dag van deelname. Indien ‘n juniorskut 18 jaar oud word na afloop van die kompetisie, maar voor die nasionale wenners aangekondig word, sal hy of sy steeds vir die betrokke groepering volgens die junior kategorie beoordeel word. Verdere deelname sal egter as senior wees.

VUURWAPENLISENSIES
Slegs wettige vuurwapenlisiehouers mag deelneem en die vuurwapenlisensie moet te alle tye teenwoordig wees. Die organiseerders kan die deelnemer versoek om die wettige vuurwapenlisensie te toon. Lede van SA Jagters moet ook hul geldige lidmaatskapkaarte vertoon by inskrywing.

In die geval van ‘n persoon (junior of senior) wat nie oor hul eie vuurwapenlisensies beskik nie, mag die persoon ‘n vuurwapen van ‘n wettige vuurwapenlisensiehouer leen om te gebruik. Die volgende voorwaarde sal egter geld:

- Die wettige lisensiehouer moet teenwoordig wees wanneer die persoon skiet.

INSKRYWINGS EN TELLINGHOUDING

Alle inskrywings sal op ‘n rekenaar plaasvind. SAJWV sal die program ontwerp en aan alle aanbieders van die kompetisie verskaf. Die tellings van alle skuts sal op hierdie program in gevoer word. Na afloop van elke kompetisie sal die tellings elektronies aan hoofkantoor gestuur word. Hierdie tellings sal dan op die nasionale rekordlys ingevoer word.

PROSEDURES

Die volgende prosedures sal te alle tye geld:

A. VOORLEGGING VIR AANBIEDING VAN KOMPETISIE

1. Elke tak of streek wat belangstel om ‘n kompetisie aan te bied sal ‘n skriftelike voorlegging aan die hoofkantoor van SAJWV vir oorweging voorle. Die tak sal verantwoordelik wees vir die aanbieding van die kompetisie en die winste sal vir die betrokke tak se voordeel wees.

2. Voorkeur sal aan takke wat in groepsverband die kompetisie aanbied gegee word. ‘n Reëlingskomitee sal deur alle voornemende aanbieders aangewys word wat minstens een persoon met grondige finansiele kennis insluit wat as tesourier vir die kompetisie kan optree.

3. **Die voorlegging sal o.a. die volgende bevat:**
   - Name van lede van die reëlingskomitee.
   - Bemarkingsplan. (wat oa die volgende insluit)
     1) Ledewerwing vir SAJWV op die betrokke dag.
     2) Verkope van promosie–items
     3) Uitstallers by kompetisie en prys van stalletjies.
     4) Borge (Volle besonderhede)
     5) Reklame vir kompetisie.
   - Pryse aan wenners
   - Name van baanoffisiere, slegs gekwalifiseerde baanoffisiere mag gebruik word.
   - Besonderhede van skietbaan wat gebruik word. (Akkreditasie nommer) Besonderhede aangaande hoeveelheid skuts wat op skietpunt geakkomodeer kan word, ens.
   - Veiligheidsmaatreëls
   - Noodhulp
   - Verversings
   - Volle besonderhede van winsverdeling.
   - Toiletgeriewwe.
   - Toegangsbeheer.
   - Parkering.
   - Sekuriteit tov motors en ander toerusting.
   - Besonderhede van rekenaartoerusting wat gebruik gaan word.
   - Enige ander besonderhede wat die toekenning van die kompetisie kan bevorder.

B. INSKRYWINGSKAARTJIES

Inskrywingskaartjies/vorms sal deur die aanbieders ontwerp word en aan hoofkantoor voorgelê word vir goedkeuring. Die kaartjies/vorms sal behoorlik genommer wees vir oudit doeleindes.

C. INSKRYWINGSGELDE

Daar word voorgestel dat gelde vir lede en nie-lede verskillend aangeslaan word en dat R40.00 die voorgestelde inskrywingsgeld vir lede sal wees.

D. SKIETPUNT

Geen skut sal toegelaat word om die skietpunt te betree indien hy enige alkoholiese drank gebruik het nie. Geen alkoholiese drank sal deur die aanbieders te koop aangebied of gratis verskaf word voordat alle skuts die skietpunt verlaat het en alle gewere en ammunisie nie verwyder is nie.

E. KOMMUNIKASIE

Aanbieders van die kompetisie sal onder geen omstandighede direk met AHS in verbinding tree of met hulle kommunikeer nie. Indien daar wel so 'n behoefte ontstaan moet dit deur die hoofkantoor van SAJWV geskiet.

F. METINGSKOMITEE

'n Metingskomitee sal deur die aanbieders aangestel word wat uit minstens drie persone sal bestaan. Lede van hierdie komitee mag ook aan die kompetisie deelneem op voorwaarde dat hulle nie enige groepering wat hy/sy self geskiet het, meet nie.

G. MONITERING

Die kompetisie word deur die HUB gemoniteer.

H. FINANSIES

Finansiële beheer sal volgens die SAJWV se finansiële beleid plaasvind.

I. REKLAME

Spesiaal ontwerpte plakkate sal deur SAJWV verskaf word om die kompetisie bekend te stel. Hierdie plakkate sal deur die aanbieders minstens een maand voor die kompetisie op strategiese plekke geplaas word.

NOTA:

1. Vir verdere inligting skakel André van der Merwe by Inyathi Park (SAJWV).